BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# BRIEWE AAN DIE KERK

## Deel 3 – Smirna: Ly Getrou

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle ŉ sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Hoe sou jy jouself beskryf: optimisties, realisties, meer pessimisties?**
- **Wat is gewoonlik jou eerste reaksie wanneer jy slegte nuus kry, of hoe reageer jy wanneer mense slegte dinge van jou sê?**
- **Wat was een van die moeilikste tye wat jy al beleef het in jou lewe? Vertel jou groep daarvan indien jy gemaklik is.**

---

---

---

---

**Lees deur Psalm 22 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Wat staan vir jou uit van hierdie Psalm?**
- **Hoe verskil die "gevoel" aan die begin van die Psalm in vergelyking met die einde?**
- **Watter ooreenkomste sien jy in hierdie Psalm en dit wat Jesus deurgegaan het met sy kruisiging?**
- **Lees weer vers 25. Hoekom is dit belangrik om aan só belofte vas te hou in moeilike tye? Hoe vergelyk dit met Psalm 34:18-19?**

---

---

**Lees deur 2 Korintiërs 1:3-10 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoeveel keer kom die woordjie "moed" of "bemoediging" voor in hierdie gedeelte?**
- **Wie gee die bemoediging aan ons in moeilike tye?**
- **Hoe verskil vers 8 van 1 Korintiërs 10:13? Hoekom is dit belangrik om die verskil te verstaan?**
- **Op wie is Paulus se hoop ten spyte van die moeilike omstandighede? Hoe kan dit ons bemoedig in ons moeilike tye?**

---

---

**Lees 2 Korintiërs 12:7-10 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoe beskryf Paulus die doring in die vlees?**
- **Wat was God se antwoord vir Paulus se gebed – ja of nee?**
- **Wat dink jy beteken God se antwoord in vers 9 vir jou en vir my in ons moeilike omstandighede?**
- **Hoe sluit hierdie gedeelte aan by Klaagliedere 3:21-23? Hoe kan dit ons bemoedig in moeilike tye?**

---

---

- **Waarvoor kan julle vir mekaar bid?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**